



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

GRAAD 9

AFRIKAANSE EERSTE ADDISIONELE TAAL

STEL 3: 2012 MODELVRAE

RIGLYNE BY DIE GEBUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

1. Algemene oorsig

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is 'n summatiewe assessering van die verwagte kennis en vaardighede wat leerders aan die einde van graad 1 tot 6 en graad 9 moes ontwikkel het. As hulpmiddel vir die skoolgebaseerde assessering en om te verseker dat leerders die nodige selfvertroue ontwikkel om suksesvol deel te neem aan eksterne assessering, het opvoedkundige panele en vakspesialiste voorbeeldvraestelle ontwikkel wat onderwysers vir Taal- en Wiskunde-onderrig kan gebruik. Die voorbeeldvraestelle is ontwikkel, gebaseer op die kurrikulum wat oor die eerste drie kwartale van die skooljaar strek. Daar is ook 'n volledige Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets (ANA) vir elke graad. Die voorbeeldvraestelle, insluitend die modeltoets, is aanvullend tot die skoolgebaseerde assessering wat leerders deurgaans moet voltooi en vervang nie die skoolgebaseerde assessering nie.

2. Die struktuur van die voorbeeldvraestelrae

Die voorbeeldvraestelle is ontwerp om verskillende tegnieke of style te illustreer om dieselfde vaardighede en/of kennis te assesser. Spesifieke inhoudkennis of 'n vaardigheid kan byvoorbeeld geassesseer word deur 'n meervoudigekeuse-vraag (waar leerders die beste antwoord uit die gegewe opsies kies) of 'n stelling (wat van die leerder vereis om 'n kort antwoord of 'n paragraaf te skryf) of ander soorte vrae (wat leerders vra om gegewe woorde/stellings met lyne te verbind, om gegewe sinne of patrone te voltooi, om hulle antwoorde met tekeninge of sketse te toon, ens.). Onderwysers en leerders sal dus 'n aantal voorbeeldvraestelrae kry wat verskillend gestruktureer is, maar wat dieselfde spesifieke inhoud en vaardigheid teiken. Blootstelling aan 'n groot verskeidenheid vraagstellingstegnieke of -style gee leerders die nodige selfvertroue om op verskillende toetsitems te reageer.

3. Verband met ander leer- en onderrigbronnemateriaal

Sommige teksgedeeltes en vrae word doelbewus vir integrering met die graadverwante werkboeke verbind. Die voorbeeldvraestelle voldoen ook aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), graad R tot 12, die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV) vir die onderskeie grade en die Nasionale Protokol vir Assessering. Hierdie dokumente, saam met ander dokumente wat deur 'n skool voorsien kan word, sal 'n ryk bron van bronnemateriaal vorm wat onderwysers in staat sal stel om lesse te beplan en om formele assessering uit te voer.

4. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, hoef die leerders nie op die hele stel in een sessie te reageer nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les. Sorgvuldig geselekteerde individuele voorbeeldvrae of 'n hanteerbare groep vrae kan tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg gebruik word:

- 4.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd in die klaskamer te verloor nie.
- 4.2 Gedurende die les as kort, informatiewe toetse om te assesser of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.

4.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesser of die leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.

4.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK), oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens. te beantwoord.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in die beantwoording van 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets.

5. Memorandums of nasienriglyne

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte response (nasienriglyne) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die nasienriglyne geensins rigied is nie. Dit gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

6. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en dek die werk wat op die eerste drie kwartale van die skooljaar betrekking het. Die tempo waarteen die werk in sekere skoolkwartale behandel moet word, is vervat in die betrokke Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV).

7. Gevolgtrekking

Die doelwit van die Departement is om die vlak en kwaliteit van leerderprestasie in die kritiese grondslagvaardighede van gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. Die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets is een instrument wat die Departement gebruik om vas te stel of leerderprestasie verbeter. Daar word van distrikte en skole verwag om onderwysers te ondersteun en om die nodige hulpmiddels daar te stel om die effektiwiteit van onderrig en leer in skole te verbeter. Deur van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoetse as deel van die onderwys hulpmiddels gebruik te maak, sal onderwysers leerders help om vertrouwd te raak met verskillende style en tegnieke van assessering. Indien die voorbeeldvraestelle behoorlik aangewend word, sal dit help dat leerders die toepaslike kennis opdoen en vaardighede ontwikkel om effektief te leer en om beter te vaar in toekomstige Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse.

Lees die onderstaande leesstuk 'Chike verlaat sy dorpie' sorgvuldig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

CHIKE VERLAAT SY DORPIE

- 1 Ek en Chike was goeie bure toe ons in die vallei in Umuofia gewoon het. Chike het saam met sy ma en twee susters gewoon. Sy pa het jare gelede gesterf. Sy ma het baie hard gewerk om haar kinders aan die lewe te hou. Sy het al die kos wat hulle geëet het soos broodwortels, kassawe, mielies, bone, piesangs en groen groentes self gekweek. Sy het droë vis, palmolie, lampolie, vuurhoutjies asook van die gekweekte groente verkoop om die gesin se inkomste aan te vul.
- 2 Chike was al elf jaar oud en hy het nog nooit die dorpie verlaat nie. Eendag het sy ma aan hom gesê dat hy net na Nuwe Jaar by sy oom in Onitsha moes gaan bly. Sy oom was 'n klerk by 'n plaaslike maatskappy. Eers was Chike baie bly. Hy was moeg om in 'n klein dorpie in 'n bos te bly en wou graag 'n groot stad sien. Hy het baie wonderlike stories van Onitsha by Michael (die man wat vir sy oom gewerk het) gehoor. Hy het hom vertel dat daar 'n kraan in elke wooneenheid waar hulle gewoon het, was. Chike het gesê dat dit onmoontlik was, maar Michael het gesweer dat hy die waarheid praat. Hy het dan sy vinger natgelek en in die lug gehou. Chike was verstom. Hy sou nie meer vroeg in die oggend na die stroom moes gaan om water te skep nie. Die paadjie na die stroom was ongelyk en klipperig. Baie kere het die ander kinders geval en hulle kleipotte gebreek. In Onitsha sou Chike vry wees van enige bekommernis. Hy sou in 'n huis met 'n sinkdak in plaas van in sy ma se armoedige modder en teer hut woon. Dit het alles so wonderlik geklink.
- 3 Toe die tyd egter aanbreek dat Chike sy moeder en sy susters moes verlaat, het hy begin huil. Sy susters het ook begin huil en sy ma het trane in haar oë gehad. Sy het haar een hand op sy kop geplaas en aan hom gesê: 'Laat dit met jou goed gaan. Luister na jou oom en doen alles wat hy van jou vra en wees gehoorsaam aan hom. Onitsha is 'n groot stad wat vol gevaarlike mense

en ontvoerders is. Daarom mag jy nie in die stad rondswaai nie. Om spesifiek te wees, moenie naby die Nigerrivier gaan nie. Baie mense sterf jaarliks daar...'

- 4 Sy het vir Chike baie raad gegee. Hy het sy kop geknik en toe sy kop geskud, want hy het 'n loopneus gehad. Chike se neus het altyd geloop as hy huil.

[Verwerk uit : *Chike and the River*]

Skryf slegs die letter van die regte antwoord by die veelvuldige keusevrae neer.

- 1.1 Waarom het die skrywer die verhaal geskryf?

- A Om te illustreer dat Chike opgewonde was om stad toe te gaan.
- B Om inligting oor padongelukke te gee.
- C Om seuns aan te moedig om die stad te besoek.
- D Om ons oor skoon water te leer.

(1)

- 1.2 Watter van die volgende sinsnedes som die doel van die verhaal die beste op?

- A Om te adviseer.
- B Om te onderrig.
- C Om te illustreer.
- D Om aan te moedig.

(1)

1.3 Wat is die doel van die verhaal?

- A Om te adviseer.
- B Om te onderrig.
- C Om te illustreer.
- D Om aan te moedig.

(1)

2.1 Wat is die boodskap van die verhaal?

- A Plattelandse kinders het 'n bewondering vir die stadslewe.
- B Die geboue in stede het sinkplaatdakke.
- C Die Niger is 'n gevaarlike rivier.
- D Plattelandse mense werk hard.

(1)

2.2 Watter les leer ons uit die storie?

- A Plattelandse kinders bewonder die stadslewe.
- B Stedelike geboue het sinkplaat dakke.
- C Die Niger is 'n gevaarlike rivier.
- D Plattelandse werkers werk baie hard.

(1)

3.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Haal uit die leestuk aan om jou antwoord te staaf.

'Chike se ma was arm.'

(1)

3.2 Wat lei jy af uit die stelling hieronder?

'Daarom mag jy nie in die stad ronddwaal nie ...'

(1)

3.3 Waarom mag Chike nie in die stad ronddwaal nie?

A Dit is aanloklik.

B Dit is oorbevolk.

C Dit is gevaarlik.

D Dit is donker.

3.4 'Daarom mag jy nie in die stad ronddwaal nie ...'

Wat behoort afgelei te word uit hierdie stelling dat die stad:

A Gevaarlik is

B oorbevol is

C aanloklik is.

D Donker is

(1)

3.5 Wat, volgens sy ma, sal met Chike gebeur as hy in die stad sou ronddwaal?

3.6 Watter soort stad is Onitsha?

A Dit is 'n afgeleë stad.

B Dit is 'n gevaarlike stad.

C Dit is 'n oorbevolkte stad.

D Onitsha is 'n vuil stad.

(1)

4.1 Watter woord beskryf vir Chike die beste?

A Wild.

B Fluks.

C Boos.

D Gehoorsaam.

(1)

4.2 Hoe het Chike gevoel toe hy hoor dat hy na die stad moes gaan?

A Bang

B Opgewonde

C Ontspanne.

D Skaam

(1)

4.3 Voltooi die onderstaande sin deur die ontbrekende woord in te vul.

Chike het _____ gevoel toe hy meegedeel is dat hy na die stad moes gaan.

A bang

B opgewonde

C ontspanne

D skaam

(1)

Lees die onderstaande gedig 'See sonnet' deur en beantwoord vraag 5 tot 7.

See sonnet

- 1 O magtige oseaan, jy wydgestrekte,
- 2 Omsirkel deur die ongemetenheid,
- 3 Diep in jou boesem rus die onontdekte;
- 4 Alleen jou swaar gehyg verneem die tyd.
- 5 O nooitvermoeide see wat immer-woelend,
- 6 Getye reël na gange van die maan
- 7 En op die storm se stem ontstuimig spoelend,
- 8 Jou branders op die rotse stukkend slaan!

- 9 O eew' gedeining van die Grote en Magt'ige!
- 10 So dein die breed sterk stroom van volle lewe
- 11 In my klein hart. Ek nietigste Kristal,
- 12 Ek mag ook speel met glans van die ewig -pragt'ge.
- 13 Die skepping het ook my sy doel gegewe:
- 14 Een polsslag in die ritme van die heelal!

Skryf slegs die letter van die regte antwoord by veelvuldige keusevrae neer.

5.1 'En op die storm se stem onstuimig spoelend,'

Dui die alliterasie wat in versreël 7 voorkom, aan.

(1)

5.2 'Omsirkel deur die ongemetenheid,' (versreël 2)

Benoem die beeldspraak wat in die versreël hierbo voorkom.

A personifikasie

B assonansie

C alliterasie

D vergelyking

(1)

5.3 Benoem die beeldspraak wat in versreël 3 voorkom.

A personifikasie

B assonansie

C alliterasie

D vergelyking

(1)

6.1 Watter vorm van beeldspraak kom in versreël 7 voor?

(1)

6.2 Wat word die beeldspraak wat in versreël 4 gebruik word, genoem?

A personifikasie

B assonansie

C metafoor

D vergelyking

(1)

6.3 Watter TWEE dinge word met mekaar vergelyk in versreëls 5 en 6?

- A Die maan en die son.
- B Die see en die maan.
- C Die see en die storm.
- D Die rotse en die see.

(1)

Verwys na versreël 11: '... Ek nietigste Kristal,'

6.4 Benoem die stylfiguur in hierdie versreël.

- A onomatopee
- B metafoor
- C rym
- D vergelyking

(1)

6.5 Dui die versreël aan waarin daar 'n metafoor voorkom.

- A 'Die skepping het ook sy doel gegewe'
- B 'Diep in jou boesem rus die onondekte'
- C '... Ek nietigste Kristal'
- D 'Omsirkel deur die ongemetenheid'

(1)

7.1 Skryf 'n voorbeeld van rym wat in die gedig voorkom, neer.

(1)

7.2 Dui die versreëls aan waarin daar eindrym voorkom..

- A Versreëls 6 en 8.
- B Versreëls 6 en 7.
- C Versreël 7.
- D Versreël 6.

(1)

7.3 Van watter vorm van beeldspraak is 'lewe' (versreël 10) en 'gegewe' (versreël 13) 'n voorbeeld?

- A onomatopée
- B metafoor
- C rym
- D vergelyking

(1)

7.4 Benoem die beeldspraak in versreël 7: 'En op die storm se stem'.

(1)

Lees die leesstuk, 'Aanval van die 'moordenaar Alge' ' en beantwoord die vrae wat daarop volg.

AANVAL VAN DIE 'MOORDENAAR ALGE'

- 1 'Moordenaar alge' is seegras wat groenerig en blaaragtig is. Hulle groei onder water. Hulle groei tot 2,8 meter hoog en word as 'n moordenaar bestempel!
- 2 Alge was een van die eerste plante wat in die see ontstaan het. Dit het uit klein, enkelsellige diertjies wat bakterië genoem word, ontwikkel. Hierdie bakterië was so klein dat 'n mens duisende daarvan op een kopspeid kon neersit. Met die verloop van tyd het die bakterië selle gevorm. Ons noem dit vandag alge. Alge word by baie plekke gevind. Alge groei teen die kante van akwariums of buitenshuis damme of selfs in swembaddens. Meestal is hierdie slymerige, groen neerslag nie gevaarlik nie. Dit voorsien selfs voedsel aan 'n verskeidenheid visse en seediere. Dié 'moordenaar alge' lyk pragtig, maar agter die blaaragtige alge skuil daar 'n ekologiese ramp.
- 3 Dit is aanpasbaar genoeg om in enige toestande te groei. Dit groei in warm water, op rotse, sand, modder en op dieptes van 3 tot 100 meter. Hierdie vinnig groeiende, indringer-spesie versprei vinnig en ander spesies en seegras word verdring. Dit is baie giftig en nadelig vir visse en ander vorms van seelewe.
- 4 Een van die maniere hoe die moordenaar alge versprei word, is om aan skepe se ankers te klou. Dit word dan duisende kilometres ver gesleep en begin dan net weer op 'n nuwe plek groei.
- 5 In die omgewing van 1985 het die prettige moordenaars per ongelukop die bodem van die Mediterreense See beland. Hulle het begin versprei en dit het 'n gevaarlike probleem geraak.

Skryf slegs die letter van die regte antwoord by veelvuldige keusevrae neer.

8.1 Waarom het die skrywer die storie geskryf?

- A Om te verduidelik hoe bakterië gevorm word.
- B Om lesers oor alge te onderrig.
- C Om lesers in te lig oor seediere.
- D Om te verduidelik wat die rol van alge is. (1)

8.2 Watter sinsnede hieronder som die doel van die storie die beste op?

- A Die doel van die storie is om lesers te waarsku.
- B Die doel van die storie is om mense raad te gee.
- C Die doel van die storie is om die lesers te onderrig.
- D Die doel van die storie is om mense te oortuig. (1)

8.3 Wat is die doel van die storie?

- A Die doel van die storie is om lesers te waarsku.
- B Die doel van die storie is om mense raad te gee.
- C Die doel van die storie is om die lesers te onderrig.
- D Die doel van die storie is om mense te oortuig. (1)

9.1 Identifiseer die hoofgedagte van paragraaf 3.

- A Alge is gehard en groei in enige toestande.
- B Alge kan visse en die seelewe vergiftig.
- C Alge groei op rotse en sand.
- D Alge groei en versprei vinnig.

(1)

9.2 Wat is die hoofgedagte van paragraaf 3.

- A Alge is gehard en groei in enige toestande.
- B Alge kan visse en die seelewe vergiftig.
- C Alge groei op rotse en sand.
- D Alge groei en versprei vinnig.

(1)


9.3 Wat wil die skrywer in paragraaf 3 aandui?.

- A Alge is gehard en groei in enige toestande.
- B Alge kan visse en die seelewe vergiftig.
- C Alge groei op rotse en sand.
- D Alge groei en versprei vinnig.

(1)

10. Skryf TWEE feite uit die leesstuk neer wat aandui dat hierdie indringer plante inderdaad as 'moordenaar alge' bestempel kan word. (2)

- 11.1 Wat is die betekenis van die woord 'neerslag' soos dit in paragraaf 2 van die leesstuk gebruik word?
- A Reën.
 - B 'n Taai afsaksel op die bodem van die see.
 - C Die groen aanpaksel wat teen die kante van swembaddens voorkom.
 - D Sneeu. (1)
- 11.2 Wat beteken dit wanneer die skrywer sê dat alge onder enige omstandighede kan groei?
- A Dit beteken dat alge taai is.
 - B Dit beteken dat alge onvernietigbaar is.
 - C Dit beteken dat alge gehard is.
 - D Dit beteken dat alge giftig is. (1)
12. Skryf 'n paragraaf van 50 tot 60 woorde waarin jy jou gunsteling plek beskryf. Die leser moet die plek in sy/haar verbeelding kan sien. Gebruik die inligting in die geheue- kaart om jou te help. Jou werk sal volgens die onderstaande kriteria nagesien word.
- Formaat
 - register /styl
 - taal, spelling en puntuasie
 - toepaslikheid (hou by die onderwerp)
 - doel (6)



13. Verander die volgende sin in die indirekte rede. Begin die sin soos aangedui.

'Alge lyk pragtig maar is moordenaars', het die bioloog gesê

Die bioloog het gesê ...

(1)

14. Skryf die volgende sin in die direkte rede. Begin soos aangedui.

Die seeman het gesê dat alge dodelik is vir die seelewe.

Die seeman het gesê ...

(1)

15. Onitsha is 'n groot stad met baie ontvoeders. Wat moet Chike doen?
- A Chike behoort te vermy om in die stad rond te dwaal.
 - B Chike moet vermy om rond te dwaal in die stad.
 - C Chike mag vermy om in die stad rond te dwaal.
 - D Chike moes vermy het om in die stad rond te dwaal. (1)
16. Kies die regte antwoord.
- A Die seeman moet nie naby alge vaar nie.
 - B Die seeman moes sorg dat hy nie naby die alge vaar nie.
 - C Die seeman moet keer om nie naby alge te vaar nie.
 - D Die seeman mag nie naby alge vaar. (1)
17. Kies die regte antwoord om die onderstaande sin te voltooi.
- _____ 'moordenaar alge' pragtig lyk, is dit giftig.
- A Maar
 - B Sodat
 - C Want
 - D Alhoewel (1)

18. Sommige leerders bring kos skool toe om gedurende pouses te eet. Verduidelik aan jou vriend/vriendin in 60 tot 70 woorde hoe jy jou kos voorberei en hoe jy dit sal inpak. Jy mag die woorde hieronder gebruik om jou paragraaf te skryf.

versnaperinge	toebroodjies	voorberei	koeldranke	snye
warm roosterbrood	pap	roer		

(6)

TOTAAL 50